# Verdieping van die begrip "tradisie" in Christelike onderwys vanuit H.G. Stoker se insigte

*Dr Morné Diedericks*
*morné.diedericks@aros.ac.za*

*Dr Magdalena Catharina Diedericks*
*magda.diedericks@aros.ac.za*

*Akademie Reformatories Opleiding en Studies, Pretoria*

## Abstract

*In the historical-philosophical thematic analysis of the development of tradition as a concept, it has been demonstrated that the loss of traditions reached its peak during Postmodernism. This led to the popularization of creating new traditions. However, these new traditions being formed are superficial, as they only represent symbolism without true depth in the participation of the tradition itself. This has resulted in the symbolism representing the tradition having more meaning than the tradition itself. From a Reformed Christian perspective, primarily presented in this article through the works of H.G. Stoker, tradition is understood as a broader concept. Here, tradition is not limited to a superficial symbolic act without meaning. The broader concept includes insights from Stoker's works, namely: "continuity", "discontinuity", and "responsibility"; the relationship between tradition and progression as well as tradition's commitment to God's covenant faithfulness. Tradition is considered as the responsible transmission of a worldview within the philosophical concepts of continuity and discontinuity, accompanied by the symbolic acceptance of the responsibility of the tradition. Christian schools whose traditions are reduced to superficial commodities or symbolism that aligns, for*

*example, with secular schools, must reflect on whether they can truly be considered as Christian schools. Christian schools marketing themselves as tradition-bound schools should therefore have an integrated Christian worldview in all aspects of their teaching and learning.*

## Opsomming

*Vanuit die histories-filosofiese tematiese analise van die ontwikkeling van tradisie as konsep is aangetoon dat die verlies aan tradisies tydens die Postmodernisme sy hoogtepunt bereik het. Dit het meegebring dat die skep van nuwe tradisies populêr geraak het. Hierdie nuwe tradisies wat geskep word, is egter oppervlakkig omdat die tradisies slegs die simboliek verteenwoordig, sonder werklike diepte in die deelname van die tradisie self. Dit het die gevolg dat die simboliek wat die tradisie simboliseer meer betekenis as die tradisie self het. Vanuit die reformatoriese perspektief, wat primêr in hierdie artikel vanuit die werke van H.G. Stoker voorgestel is, word tradisie verstaan as 'n breër konsep. Hier word tradisie nie net beperk tot 'n oppervlakkige simboliese handeling sonder betekenis nie. Die breër konsep sluit insigte vanuit Stoker se werke, naamlik: "kontinuïteit", "diskontinuïteit" en "verantwoordelikheid"; die verband tussen tradisie en progressie asook tradisie se verbintenis met God se verbondsgetrouheid in. Tradisie word beskou as die verantwoordelike oorhandiging van 'n lewens- en wêreldbeskouing binne die filosofiese konsepte van kontinuïteit en diskontinuïteit, wat met die simboliese aanvaarding van die verantwoordelikheid van die tradisie gepaardgaan. Christelike skole wie se tradisies bloot verskraal word tot oppervlakkige kommoditeite waarmee handel gedryf word of simboliek wat byvoorbeeld met die sekulêre skool ooreenstem, moet besin of hulle werklik as 'n Christelike skool beskou kan word. Christelike skole wat hulself dus as tradisievaste skole bemark, behoort in alle aspekte van hul onderrig 'n geïntegreerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing te hê.*

***Kernwoorde***
**Christelike onderwys; Christelike lewens- en wêreldbeskouing; H.G. Stoker; Postmodernisme; reformatoriese perspektief; tradisie**

## Probleemstelling en navorsingsvraag

ʼn Graad 8-seun stap die eerste dag by sy nuwe skool saam met die graadgroep na ʼn ou huis. By die ou huis lui al die kinders ʼn klok en gee drie kloppe aan die voordeur. Daarna stap die leerders terug na die skoolgebou. Die graad 8-leerder wonder waarom hul hele groep dit gedoen het. Hierdie gebeurtenis het deel gevorm van een of ander tradisie by die skool, tog het die leerders nie werklik verstaan waaroor die tradisie gaan nie. Dit blyk dat dit ʼn algemene tendens by baie skole raak dat tradisies bestaan, maar dan is die betekenis wat die tradisie behoort te simboliseer nie werklik duidelik of selfs sinvol nie. Cohen (2013:14) verduidelik dat die bedoeling of doel van die tradisie verlore gaan, waarna slegs die simboliek dan oorbly. Dit het tot gevolg dat die simboliek ook mettertyd nutteloos kan raak.

Tradisies het vandag verander in iets wat gekoop en verkoop kan word. Downie (2005:922) verwys na die absurditeit van skole wat om ʼn tafel sit, tradisies uitdink en dit dan as ou historiese gebeure voorhou. Hoe het ons hier gekom? Die vrae wat met ander woorde hier gestel word is die volgende: Waarom het tradisies ontaard in ʼn kommoditeit waarmee handel gedryf word? Behels tradisies nie meer as ʼn blote koop-en-verkoop-transaksie nie? Die navorsingsvraag wat hieruit voortspruit, is die volgende: Tot watter mate, indien enige, behoort tradisie, vanuit ʼn reformatoriese perspektief beskou, ʼn rol te speel in Christelike onderwys? Om hierdie navorsingsvraag te beantwoord is die onderstaande metodologie gevolg.

## Metodologie

Om ʼn begrip te ontwikkel vir die wyse waarop die konsep *tradisie* vandag begryp word, is ʼn kwalitatiewe navorsingsontwerp gevolg. Data is ingesamel deur middel van ʼn tematiese analise op die werke van H.G. Stoker. ʼn Steekproefneming is op die volgende wyse geneem: ʼn lys met die titels van H.G. Stoker se werke is nagegaan om te antisipeer watter van die bronne die tema van ‘tradisies’ behoort te bevat. Die elektroniese weergawes van hierdie bronne is ondersoek deur middel van ʼn woordsoektog. Die dokumente[1] wat die tema ‘tradisie’ bevat is tesame met H.G. Stoker se kernwerk, naamlik: *Oosprong en Rigting*, in diepte ondersoek. Data is geanaliseer deur middel van kodering van die gekose tekste van H.G. Stoker, daarna is kategorieë van die data geskep om sodoende by die essensie van die data uit te kom,

1 Die volledige lys van die dokumente van H.G. Stoker wat geanaliseer is, kan gevind word in die bronnelys.

soos deur Maree (2022:136-140) voorgestel word vir ’n tematiese analise. H.G. Stoker is ’n bekende en gesiene Reformatoriese filosoof (Van der Walt, 2014:80). Omdat hierdie artikel Stoker se verstaan van tradisie as konsep ondersoek is die reformatoriese perspektief ook die filosofiese benadering van hierdie navorsing. Die tekort aan resente bronne om die navorsingsvraag te beantwoord het daartoe aanleiding gegee om die werke van H.G. Stoker te ondersoek in ’n poging om nuwe insigte te verkry om tradisie, as tema, vanuit ’n Reformatories perspektief, vir Christelike onderwys, vir die huidige konteks, te begrond.

Die data word as volg aangebied. Eerstens word ’n etimologiese analise van die konsep tradisie weergegee. Daarna word ’n tematiese analise van die ontwikkeling van die konsep tradisie gebied. Verder word ’n reformatoriese perspektief op tradisie as begrip afgelei vanuit die tematiese analise. Laastens word die implikasies wat ’n Reformatoriese perspektief vir die begrip ‘tradisie’, binne Christelike onderwys inhou, verduidelik.

## 1. ’n Etimologiese analise van die konsep *tradisie*

Die woord “tradisie” het ontwikkel vanuit die Latynse begrip “*tradere*”*,* wat op die oorhandiging van ’n item of saak van een persoon of groep aan ’n ander persoon of groep dui (Adorno, 1992:75). Die stam van *tradere* kan teruggevoer word na *trado*, wat by verhandeling of handeldryf aansluit. Hieruit het die Engelse begrip “*trading”* dan ook ontwikkel (Bruckermann, 2016:188). Verdere etimologiese ontwikkeling sluit in die Duitse begrip “*Überlieferung*”, waarin die Afrikaanse woord van “oorlewering” afgelei kan word. Vanuit die etimologiese ontwikkeling van die begrip kan afgelei word dat tradisie op die formele oorhandiging van items, sake en kennis vanaf een generasie na die volgende generasie deur die loop van die geskiedenis dui (Noyes, 2009:235).

Vanuit verskillende kontekste wat tradisie as begrip gebruik, bied Noyes ’n samevatting van konseptuele gebruike van tradisie wat hy vanuit die antieke Romeinse gebruike aflei (Noyes, 2009:248-249). Noyes toon aan dat daar ’n nóú verbinding tussen ideologie en tradisie binne die antieke Romeinse kultuur was. Die verband tussen ideologie en tradisie toon volgens Noyes aan dat tradisies ’n oorsprong het wat van hand tot hand (geslag tot geslag) deur middel van byvoorbeeld ’n genre, lied, gebruik, ens. oorgedra word en wat self deur die ontvanger geïnternaliseer word. Die ontvangs van die tradisie is volgens Noyes (2009:249) verder nie net ’n ruiltransaksie nie, maar ’n kommunikatiewe aksie. Hierdie kommunikatiewe aksie geskied voor ’n

gehoor waarin die aanvaarding van die verantwoordelikheid van die tradisie uitgebeeld word. Hierdie kommutatiewe aksie plaas daarom die vergrootglas op elke deelnemer: die een wat oorhandig en die een wat ontvang. Tradisie word op hierdie wyse dus nie net verskraal tot ŉ eiendom wat bloot oorgedra word nie, maar ook tot die verantwoordelike aanvaarding van die werk wat die tradisie behels.

Wat vanuit die etimologiese sowel as die konseptuele gebruik van tradisie afgelei kan word, is dat tradisies iets waardevol is. Daar is ŉ intrinsieke of selfs ŉ ingeskape behoefte aan tradisies wat die waarde en aantreklikheid van tradisies verhoog. Shils (1981:328) beskryf die intrinsieke waarde wat in tradisies opgesluit is as die dryfkrag van tradisies wat tradisies help om voor te bestaan. Vir tradisies om voort te bestaan, moet hulle as't ware voortbestaansreg hê, dit wil sê dat die tradisie moet sin maak vir die ontvangers van die tradisie en sodoende vir die ontvangers van die tradisie waardevol wees.

Talle redes kan aangevoer word vir waarom tradisies as waardevol beskou kan word. Volgens Graburn (2000:6-11) bied tradisies onder andere emosionele en ervarvaringswaarde in die sin dat dit byvoorbeeld ŉ waardevolle bydrae tot identiteitsvorming lewer. Voorts skep tradisies ŉ sin vir "tuis wees" of "om te behoort". Laastens skep tradisies ook ŉ gevoel van nostalgie en heimwee na die "goeie ou dae". Hieruit kan afgelei word dat daar in tradisies egtheids- en stabiliteitselemente opgesluit is.

Die tradisie en die simboliek wat die tradisie verteenwoordig is nou verbonde. Al hierdie emosionele en ervarvaringswaarde wat in tradisies ingesluit word, word vergestalt in verhoogde simboliese estetika (Graburn, 2000:11). Die bewoording "verhoogde simboliese estetika" word gebruik omdat die simboliek byvoorbeeld iets soos ŉ nostalgiese waarde moet simboliseer. Aangesien nostalgie sterk deur gevoel gedryf word, kan die gevoel slegs deur die simboliese handeling vasgevang word (Graburn, 2000:11). Juis hierom is die estetiese simboliek so belangrik in die nostalgiese ervaring.

Tradisies het egter ook groot waarde wat nie slegs tot emosionele en ervaringswaarde beperk word nie. Die waarde van tradisies word ook sigbaar in ekonomiese waarde. Ondernemings verstaan goed dat die "verkoop" van ŉ tradisie groot finansiële voordele kan inhou. Bemarkingsnavorsing toon aan hoe waardevol tradisies in die verkoop van produkte of geleenthede is (Bruckermann, 2016:188). "There is a growing relationship between business interests and the creation of cultural traditions, as well as how marketing techniques can create an image of long-standing tradition for what are actually recent innovations" (Cameron, 1987:162-174). Cameron en Bryla

(2015:302) bied dieper insig ten opsigte van die bemarking van tradisies en die ekonomiese waarde wat dit vir ondernemings bied. Tradisies word verskraal tot kommoditeite wat selfs in oomblikke geskep word, maar wat dan as ou langdurige tradisies deur middel van vernuftige bemarkingstegnieke voorgehou word. Dink byvoorbeeld aan bekende sinne op voedsel en klere items wat die woorde “tradisionele” bevat.

Die koop-en-verkoop van die tradisionele word ook deur skole besef. Skole bemark graag hulself as “tradisievaste skole”.[2] Vir talle ouers is tradisievaste skole baie aantreklik (Volckmar, 2017:430). Die inspeel op die intrinsieke emosionele en ervarvaringswaarde wat tradisies bied, het daarom nie slegs vir produkte nie, maar ook vir skole bemarkingswaarde.

Die begrip “tradisie” word as konsep binne die ekonomiese waarde van ondernemings en hul bemarking tot ’n kommoditeit beperk (Bryla, 2015:302). Tradisies is iets wat gekoop en verkoop kan word. Die absurditeit van bemarkingstrategieë wat tradisies suksesvol rondom ’n bemarkingstafel skep en as iets verkoop wat langdurig en waardevol is, bring die vraag na vore: Hoe het ons hier gekom? Die vrae wat met ander woorde hier gestel word, is die volgende: Waarom word tradisies slegs beperk tot ’n kommoditeit waarmee handel gedryf word? Behels tradisies nie meer as ’n blote koop-en-verkoop-transaksie nie? Ten einde hierdie vrae te beantwoord, is dit belangrik dat daar na die histories-filosofiese analise van tradisie as konsep gekyk word.

## 2. Die histories-filosofiese analise van tradisie as konsep

’n Blik op die histories-filosofiese analise van tradisie as konsep werp lig op die rede waarom tradisies vandag verskraal word tot bloot ’n kommoditeit wat verkoop kan word of iets waaraan ’n mens tydelik kan deelneem. Goosen (2015:131) bied ’n historiese verduideliking hiervoor. Tydens die Middeleeue was tradisies beskou as iets wat baie meer is as bloot die simboliese handeling. Tradisie was gebind aan ’n gemeenskap en die wyse waarop die gemeenskap geleef het. Die lewenswyse van die gemeenskap was dan deur middel van die saamleef van die gemeenskap oorgedra na die volgende geslag. Die tradisie was die raamwerk wat gebruik is om die werklikheid te interpreteer; dus was tradisies eerder nader aan wat ons vandag as “lewens- en wêreldbeskouings” beskryf. Dit word daarom duidelik

2 Sien voetnota 3

dat tradisies derhalwe nie ŉ saak van uitvindsels was nie, maar eerder iets wat deur die eeue ontwikkel het en oorgedra is van geslag tot geslag soos wat die bepaalde gemeenskap gegroei en nagedink het en dit ook met ander tradisies gekonfronteer is.

In die 16de eeu het die konsep "tradisies" en tradisies se verhouding met die Skrif (Bybel) as onderwerp ŉ hoogtepunt bereik. Die Rooms-Katolieke Kerk het kerklike tradisies gelykgestel aan die Skrif (Sailhamer, 1995:184). Kerklike tradisies moet volgens Sailhamer (1995:184) in dié konteks nie verwar word met bloot kerklike gebruike of simboliese handelinge nie. Kerklike tradisies was binne die Middeleeuse konsep in die geheel lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings wat invloede op samelewingstrukture, byvoorbeeld die huwelik, gehad het. Dit is dus in hierdie geheel lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings (kerklike tradisies) dat die Rooms-Katolieke Kerk gelyk aan die Skrif gestel is.

Die Hervormers se kritiek op die Rooms-Katolieke beskouing was dat die gelykstelling van die kerklike tradisies aan die Skrif eintlik die verheffing van kerklike tradisies bo die Skrif was. Die Hervormers se pleidooi tot reformasie van die kerk was om die *Sola Scriptura* (Die Skrif alleen) as beginsel te bely en te handhaaf (Opitz, 2011:297). Die gevolg hiervan was dat die kerklike tradisies steeds vandag aan die gesag van die Skrif onderwerp word en dat die Skrif as maatstaf gebruik moet word om te bepaal of ŉ tradisie skriftuurlik of nie-skriftuurlik is nie. Met die Skrif as hoogste gesagsbron behoort alle tradisies wat as onskriftuurlik bevind word nie verder gehandhaaf te word nie (Van Til, 2003:181). Tradisies behoort dus terug na die beginsels van die Skrif te reformeer. Dit is om hierdie rede dat talle kerklike tradisies van die Rooms-Katolieke Kerk, byvoorbeeld die wyse waarop die huwelik vir byna ŉ 1000 jaar beskou is, hervorm is sodat dit in lyn met beginsels vanuit die Skrif is.

Hierdie Protestantse kritiek op kerklike tradisies het meegebring dat daar ŉ algehele sensitiwiteit teenoor tradisie as begrip ontwikkel het. Dit behels onder meer dat tradisies in die debat tussen die Rooms-Katolieke en Protestante deur die Protestante as iets eg Rooms-Katoliek gesien is (Lane, 2005:1483). Dit het daartoe aanleiding gegee dat negatiewe konnotasies aan tradisies geheg is. Om dus die kerk en daarmee saam geloof met tradisie te meng, is tot die Rooms-Katoliek-Protestantse debat verskraal, en vir talle Protestante hoort tradisies nie in die kerk of geloofsgesprekke nie.

Die Reformasie van die 16de eeu het hewige geloofsoorloë tussen Rooms-Katolieke en Protestante tot gevolg gehad, asook hewige debatte oor

belangrike dogmatiese kwessies. Soms het die debatte selfs ontaard in vervolging oor baie klein dogmatiese kwessies (Frijhoff, 2004:49). Frijhoff (2004:49) verduidelik ook dat hierdie daartoe aanleiding gegee dat ŉ sensitiwiteit ontwikkel het by Jan Alleman om eerder nie te uitgesproke oor teologiese kwessies te wees nie. Die natuurwetenskaplikes wat as’t ware moeg geraak het vir die hewige geloofsoorloë van die 16de eeu het doelbewus groepe gevorm waar daar nie ruimte vir teoloë gemaak is nie. Die verlange na vrede was so groot dat die filosofiese denkers (Verligtingsdenkers) samelewingstrukture begin bedink het waarin die teoloë en enige geloofskwessies beperk sou wees tot die kerk en teologiese skole (Marsden & Longfield, 1992:5). Teoloë en enige geloofskwessies sou egter uit die publieke sfeer gehou word. Selfs die benadering tot wetenskap moes gesuiwer word van die “opium” van geloofsinmenging, wat byvoorbeeld die positivistiese benadering tot wetenskapsbeoefening na vore gebring het. Die Middeleeuse Rooms-Katolieke Kerk wat gewerk het met die genade-natuur-grondmotief het tydens die Verligting die genade of alle dinge wat met genade geassosieer is tot die kerklike en privaat sfeer gereduseer (Forst, 2013:286). Dinge wat geassosieer word met genade sluit byvoorbeeld in die kerk, geloof, teoloë en ook teologie wat tydens die Middeleeue die koninginwetenskap was. Die Verligting het oorbeweeg na die natuur-vryheid-grondmotief, waar die perspektief om die natuur al hoe meer as ŉ skepping deur ŉ deïstiese godheid verskuif is (Zakai, 2006:86). In die Verligting se natuur-vryheid-grondmotief is tradisie gestel teenoor progressie. Met die fokus op wetenskaplike vooruitgang is tradisie beskou as ŉ vyand van progressie. Die Verligting se deïstiese beskouing van God het God as’t ware losgemaak van die skepping (Noyes, 2009:235; Newell, 2019:94). Die gevolg hiervan was dat God binne die Verligtingdenkers se beskouing van tradisie geen verdere rol speel nie. Enige tradisies wat God se rol in die lewe van die mens wou verkondig, is dan beskou as oudmodies, antiprogressief of -vooruitgang. Die leiersfigure van die Verligting het begin dink dat die samelewing logies herrangskik kon word tot voordeel van almal. Dit het gelei tot begrippe soos die sosiale wetenskappe, sosialisme en die welsynstaat sodat begeleide verandering die norm was (Newell, 2019:98). Antieke tradisies soos die Christendom was iets wat oorgeneem moes word deur wetenskap en moderniteit (Noyes, 2009:235). Progressie was dus die norm, en tradisie was teen progressie gekant.

Die Modernisme wat God van die skepping in die deïsme probeer losgemaak het, het logies die Nihilisme in die vorm van Postmodernisme ingelei. Wanneer daar geen God is om aan verantwoording te doen nie, is daar geen waarheid nodig nie en die gevolg is daar is dan geen tradisie wat geld

vir die mens nie en kan nie voorskryf hoe hy/sy behoort te leef nie (Boshoff, 2014:180). Daar is veral twee "absolute" stellings wat die Postmodernisme kenmerk, naamlik die dekonstruksie van die werklikheid en oorbeklemtoning van diversiteit (Stabile, 1997:29; Newell, 2019:91). Die oorbeklemtoning van diversiteit lei daartoe dat mense eerder die houding van antimetanarratiewe of antitradisies aanneem (Goosen, 2007:136; Naugle, 2012:67; Braidotti, 2017:19). Metanarratiewe verwys na die groot lewensverhale of lewens- en wêreldbeskouings wat vir die mensdom verduidelik hoe die wêreld werk, hoe die kosmos ontstaan het, wie die mens is, wat die taak van die mens is en waarheen die wêreld op pad is (Goheen & Bartholomew, 2008:109; Naugle, 2012:67). Hierdie groot tradisies of groot narratiewe van die verlede sluit onder andere die groot gelowe soos die Judaïsme, Christendom en Islam in, asook groot ideologieë soos die kapitalisme en kommunisme. In die oorgang van die Modernisme na Postmodernisme is die klem binne die grondmotief van natuur en vryheid grootliks geplaas op die vryheid van die individu wat los van sy gemeenskap staan (Goheen & Bartholomew, 2008:110). Sodoende is die individu dan ook los gesien van enige groot narratiewe, byvoorbeeld die groot tradisies van die verlede.

Die Postmodernisme het meegebring dat tradisies en die gesin die mens beperk om homself te ontwikkel en die ware self te vind. Ware vryheid, volgens die postmoderniste, is dus los van die tradisie (Taylor, 1992:58). Die radikale individualisme van die Postmodernisme is geneig om alles rondom die individu te sentreer, wat sy of haar affiliasies of verhoudinge suiwer instrumenteel maak en nie verbondsmatig nie (Goheen & Bartholomew, 2008:109). Die postmoderne kultuur verkondig wat Goosen (2007:136) na verwys as "'n moord op die vader"; dus word daar hier verwys na 'n haat van die tradisie en 'n wegdoen met die tradisie. Binne die Postmodernisme moet die mens homself vind sonder 'n verbinding aan groot tradisies van die verlede. Die Postmodernisme word dus by uitstek gekenmerk aan 'n verlies aan tradisies (Boshoff, 2014:180). Hierdie groot verlies aan tradisies het meegebring dat die mens homself/haarself moet verstaan sonder die groot tradisies van die verlede. Hierdie verlies aan tradisies het die postmoderne mens gedompel in 'n toestand van diverse identiteitsloosheid – 'n soeke na die self deur 'n mens wat los is van historiese tradisies. Die effek van die Postmodernisme se aanval op tradisies los die individu met 'n gevoel van alleenheid en geïsoleerdheid, soos treffend beskryf deur Nisbet (2014:14) "They have shattered traditions and not replace them."

Tog is dit juis in hierdie postmoderne tyd, waar daar so groot verlies aan tradisies is, dat tradisies as kommoditeit seëvier. Die bemarking van

tradisies is ŉ populêre trefwoord op talle skole se webtuistes.[3] Hierin behoort die verband tussen die populariteit van tradisies as ŉ kommoditeit en die Postmodernisme se verlies aan tradisies raakgesien te word (Czerniawska, & Szydło, 2022). Goosen (2007:24) wys op die gevaar wat die verlies van tradisies meebring, volgens hom is die mens se verlies aan tradisies ŉ verlies van die self, en sodoende word die mense se soeke na die self gevind in die “aankoop” van tradisies. Hierdie aankoop van tradisies moet volgens Goosen (2007:25) egter nie verwar word met die werklike tradisie nie, maar eerder net die deelname aan die simboliek van die tradisie. Hierdie gevoel van deelname aan die tradisie is wat soveel ekonomiese waarde het. ŉ Rede hiervoor is omdat die postmoderne mens se verlies aan identiteit die behoefte skep om te behoort, egtheid te ervaar en nostalgiese oomblikke te skep of wat Goosen (2007:24) as die behoefte aan “hermeneutiese kontinuïteit” beskryf.

Die verlies aan tradisies wat tydens die Postmodernisme sy hoogtepunt bereik het, het meegebring dat die skep van nuwe tradisies só populêr geraak het. Hierdie nuwe tradisies wat geskep word, is egter oppervlakkig omdat die tradisies slegs die simboliek verteenwoordig, sonder werklike diepte in die deelname van die tradisie self en die simboliek wat die tradisie simboliseer, het dus meer betekenis as die tradisie self (Collier, 2003:727). Dit het ŉ vervlakking gebring in begrip rondom wat tradisies werklik is en tradisies bloot tot jaarlikse simboliese handelinge verskraal. Ter illustrasie kan daar hier verwys word na kinders wat ŉ klok by ŉ skool lui sonder dat hulle werklik weet waarom hulle die klok lui.

Vanuit hierdie Histories-filosofiese analise van ‘tradisie’ as konsep word dit duidelik dat ‘tradisie’ as konsep vir die hedendaagse mens, wat in ŉ postmodernistiese wêreld leef, weer opnuut verduidelik moet word. ‘Tradisie’ as konsep behoort as’t ware reformeer te word sodat dit ook onder andere in Christelike skole korrek verstaan en implementeer kan word. ŉ Reformatoriese perspektief op die begrip ‘tradisie’ kan hier van waarde wees. In hierdie navorsing word veral gefokus op die bydrae wat H.G. Stoker se werke tot hierdie korrekte verstaan van tradisies vanuit ŉ Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing vir Christelike skole kan bydra.

3 ŉ Eenvoudige internet soektog op die webblaaie van verskeie skole skep die indruk dat ‘tradisievastheid’ ŉ positiewe kenmerk van ŉ skool is en daarom bemarkingswaarde het. Byvoorbeeld die webtuistes van Hoërskool Monument, Vereeniging Gimnasium, Afrikaanse Hoër Meisieskool, Afrikaanse Hoër Seunskool, Potchefstroom Gimnasium, Grey High School, om maar net ŉ paar te noem.

## 3. Reformatoriese insigte op die begrip "tradisie" vanuit H.G. Stoker se werke

Die reformatoriese perspektief in hierdie artikel verwys spesifiek na die reformatoriese tradisie wat onder andere deur die reformatoriese filosoof H.G. Stoker voortgesit is. Van der Walt (2014:80) plaas H.G. Stoker (1899-1993) saam met Dirk Vollenhoven (1892-1978) en Herman Dooyeweerd (1884-1977) as die drie stigters van reformatoriese filosofie. Al drie die reformatoriese filosowe was oortuig dat 'n Christelike benadering tot wetenskapsbeoefening moontlik en ook noodsaaklik was. Daar is spesifiek ondersoek ingestel op Stoker met betrekking tot die onderwerp van tradisie omdat hy in sy filosofiese behandeling van geskiedenis en opvoeding besondere lig op die begrip tradisie werp. Voordat die toepassing van Stoker se denke van toepassing gemaak word op Christelike onderwys, is dit nodig om eers 'n paar van Stoker se insigte op die begrip "tradisie" te verduidelik. Stoker se verstaan van tradisie kan veral in drie kategorieë gedeel word, naamlik Stoker se verstaan van: (1) kontinuïteit, diskontinuïteit en verantwoordelikheid; (2) die verband tussen tradisie en progressie; asook (3) tradisie se verbintenis aan God se verbondsgetrouheid. Vervolgens word elkeen afsonderlik verklaar en bespreek in die lig van die etimologiese analise van tradisie as oordrag van geslag tot geslag.

### *3.1 Stoker se verstaan van die begrippe kontinuïteit, diskontinuïteit en verantwoordelikheid*

'n Kenmerk van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing is die belydenis dat die mens in sy wese deur die sonde beïnvloed is (Ryken, 2013:62). Die sondeval het in alle aspekte van die mens se bestaan, doen en late ingesyfer, so ook in die tradisie wat gevorm en oorhandig is (Stoker, 1937:29). Tradisies is indringend deur die sondeval beïnvloed, daarom behoort die oordrag van die tradisie gepaard te gaan met onderrig in tradisiekritiek (Stoker, 1941:170). Dit sluit tradisiekritiek teenoor eie tradisie maar ook ander tradisies in. Juis omdat die mens, ook die gelowige, 'n sondaar bly, is alle tradisies met kwaad deurspek en loop altyd die gevaar om na 'n ideologie te kan neig. Om daarom die begrip "tradisie" vanuit 'n reformatoriese perspektief in meer diepte te begryp kan Stoker se verstaan van geskiedenis as kontinuïteit, diskontinuïteit en verantwoordelikheid van waarde wees. Stoker wys op die nou verband tussen geskiedenis en wat dit behels en die rol wat tradisie en progressie in geskiedenis speel. Alledaagse roetinegebeure is volgens Stoker (1958:8) nie geskiedenis nie. Geskiedenis sluit die totstandbrenging van die nuwe vanuit die oue in. Hierdie totstandbrenging van die nuwe vanuit die oue sluit 'n aspek van onvoorspelbaarheid in, juis omdat "nuwe"

kennis vorm. Tydens die vorming van nuwe kennis is daar twee momente, naamlik kontinuïteit en diskontinuïteit. Kontinuïteit is die verband tussen die totstandbrenging van nuwe kennis en ou kennis. Laasgenoemde word immers gebruik om op die nuwe kennis voort te bou. Diskontinuïteit is die vorming van die nuwe kennis. In die geskiedenisvorming wat deur middel van kontinuïteit en diskontinuïteit geskied, staan die mens nie los nie omdat die mens as mens, volgens Stoker (1958:9) ŉ geskiedenisvormer is. Deel van die tradisie-oordrag is tradisiekritiek en daarom die beoordeling van die kontinuïteit en diskontinuïteit van die tradisie asook die verantwoordelike ontvangs van die tradisie.

Verantwoordelike ontvangs gaan gepaard met fases van ontwikkeling en volwassewording. Stoker (1967:336) toon aan dat die oordrag van iets soos ŉ tradisie of die toevertrouing van die tradisie van die een geslag na die volgende geslag drie dinge insluit: ŉ opdrag of ŉ taak wat volvoer moet word, ŉ verantwoordelike wese aan wie die taak opgedra kan word en getrouheid in die uitvoering van die taak. Stoker (1933:30) beklemtoon die belangrikheid van vrye, verantwoordelike aanvaarding van die waarhede (kontinuïteit en diskontinuïteit) van die tradisie. Die oordrag van die tradisie is as’t ware ŉ verhandeling of soos die Engels dit stel “trading”,[4] maar dit is egter nie net bloot ŉ oorhandiging nie, maar behoort ook in die lig van verantwoordelike oordrag gesien word – ŉ oorhandiging wat met voordeel vir beide partye gepaardgaan.

### *3.2 Stoker se verstaan van die verband tussen tradisie en progressie*

Die noodsaaklikheid van die korrekte verstaan van die verband tussen tradisie en progressie soos Stoker dit verstaan is ook belangrik om sy verstaan van die begrip “tradisie” reg te begryp. Stoker (1958:9) dui aan dat persone wat kontinuïteits- sowel as diskontinuïteitsmomente uit die oog verloor ook geskiedenis uit sig verloor. ŉ Spesiale geval is die rol wat tradisie en progressie in die geskiedenis speel. Volgens Stoker (1958:9) is tradisie en progressie noodsaaklik vir geskiedenis en is onlosmaaklik met mekaar verbind. ŉ Rede wat hy hiervoor aanvoer, is omdat tradisie die basis van progressie vorm en dit gevolglik ook moontlik maak dat progressie kan plaasvind. Sonder tradisie is progressie dus, volgens Stoker, nie moontlik nie. Progressie steun en bou derhalwe op tradisie. Voorts hou progressie tradisie doeltreffend en relevant, selfs daar waar dit tradisie wysig (Stoker, 1958:9).

4 Verwys na punt 1: Etimologiese analise van die konsep tradisie.

Hieruit blyk dit dus dat tradisie en progressie, volgens Stoker, mekaar nodig het; hulle vorm saam ŉ komplementerende, korrelasionele geheel.

Hierdie dinamiese aspek van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing sluit ook in dat die geskiedenis nie as ŉ eindelose herhaling van gebeure beskou word nie, maar as ŉ vooruitgang in die verwesenliking van God se raadsplan op hemel en aarde. Die vooruitgang of progressie in die verwesenliking van God se raadsplan is nie iets wat gevrees hoef te word nie, juis omdat dit God se verwesenliking van sy raadsplan is (Stoker, 1967:350). Nuwe kennis wat vanuit die progressie in die geskiedenis voortspruit, is nie ŉ bedreiging vir die tradisie nie, maar juis ŉ uitbouing, ontwikkeling en hervorming van die tradisie. Soos Stoker (1967:350) dit stel: "Vas in sy fondamente en lewend in sy dinamiese aktiwiteit, verbind die Calvinisme die ware momente van tradisie en progressie." Die progressie en tradisie staan dus in ŉ noue samewerkingsverband met mekaar.

ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouing is weens sy vastheid altyd oud en weens sy aktiwiteit en aktualiteit altyd nuut en op die voorpunt van gebeure, asook van die tye. As voorbeeld om hierdie interaksie tussen tradisie en progressie aan te toon, wys Stoker (1955:5) op die Calvinisme se reaksie in die 20ste eeu op die mondigwording van die individu en die Calvinistiese konsep van soewereiniteit in eie kringe. Laasgenoemde tree vanuit die Calvinistiese tradisie met die uitdagings van die wêreld in gesprek op ŉ dinamiese wyse. Stoker (1955:5) se oproep aan die Calvinistiese jeug is nie bloot om net progressief en dinamies te wees nie, maar om juis dinamies en progressief vanuit die tradisie te wees. Die jeug moet dus nie bloot aktueel wees sonder sy vaste fondament nie. Van der Walt (2014:580) is dit eens met Stoker dat relevantheid juis beteken dat daar vasgehou word aan ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit is omdat hierdie beskouing op die Woord van God gegrond is dat dit nog altyd antwoorde op die hedendaagse vrae gebied het (Van der Walt, 2014:580). In die regte lig gesien is die tradisie daarom nodig vir progressie om steeds in lyn met ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouing plaas te vind.

Tradisie is ŉ belangrike aspek van ŉ lewens- en wêreldbeskouing waaraan vasgehou word. By die lewens- en wêreldbeskouing is daar gedurig voortgang, wat die vorming van die nuwe op die grondslag van die oue en vooruitgang sowel as agteruitgang insluit. In Stoker (1967:36) se bespreking van opvoeding aan kinders wys hy ŉ belangrike verband tussen tradisie en lewens- en wêreldbeskouing uit. Tradisie maak juis progressie moontlik, en dit is dan juis progressie wat op tradisie voortbou. In ŉ mens se lewens- en

wêreldbeskouing asook lewenswandel wat daarmee gepaardgaan, is tradisie by beide sigbaar (Stoker, 1967:36). Ter illustrasie kan daar verwys word na tradisie wat deur die eeue standhou, byvoorbeeld by Christene wat in geloof aan die wet van die Here aan die tien gebooie vashou. Tradisie behoort in hierdie lig daarom nie tot ’n ’n koop-en-verkoop transaksie verskraal te word nie.

Die Calvinistiese tradisie het onveranderlike grondbeginsels, wette en ordinansies gesetel in die skepping van God wat op ’n vaste, statiese fondament onwikkel is. In Stoker (1967:335) se bespreking van die aktuele betekenis van die Calvinisme as tradisie vir die jeug verduidelik hy die dinamiese aard van die Calvinistiese tradisie wat vanuit sy lewens- en wêreldbeskouing voortspruit. Die Calvinistiese tradisie is egter ook dinamies in die sin dat dit aktiewe deelname aan die wêreld aanmoedig. In hierdie deelname aan die wêreld is die Calvinistiese tradisie antiteties, juis vanweë sy vaste, statiese fondament (Stoker, 1967:335). Die vaste, statiese fondament waarop die tradisie gebou is, bied ’n platform van beoordeling en evaluering – ’n platform wat werklike kritiese denke moontlik maak, juis vanweë hierdie fondament. Uit die bespreking van die verband tussen tradisie en progressie is dit weereens duidelik dat tradisie nie verskraal kan word tot ’n blote kommoditeit waarmee handel gedryf kan word nie.

### *3.3 Stoker se verstaan dat tradisie verbind is aan God se verbondsgetrouheid*

Stoker verduidelik ook dat tradisie aan die getrouheid van God gebind moet wees. Kontinuïteit en progressie wat in die tradisie in die geskiedenis voorgesit word, kan vanuit die reformatoriese belydenis nie losstaan van God se getrouheid of trou nie (Stoker, 1967:23). Die feit dat God Homself deur die geslagte (in kontinuïteit) aan die mens in die verbond openbaar, is die genadige trou van God (Stoker, 1967:23). In Stoker (1967:23) se bespreking van lewens- en wêreldbeskoulike vertroue beklemtoon hy die belangrikheid van vertroue deur te stel dat die tradisie wat oorhandig word betroubaar is. Sou die tradisie bloot gesetel wees in die mens en sy gedagtes en nie aan die trou van God gebind wees nie, sal daar nie in die geslagte veel vertroue in die tradisie wees nie (Stoker, 1967:23). Die kontinuïteit van die tradisie geskied dus, volgens Stoker, in die verbondsgetrouheid van God. Dit is immers God wat deur die eeue sy Woord bewaar en in die oorhandiging daarvan van geslag tot geslag deur sy Gees vir getroue en betroubare verkondigers van die Woord sorg (Stoker, 1967:23). Hierdie tradisie-oordrag geskied in die vorm van ouers, grootouers, predikante, ouderlinge, onderwysers, dosente,

ens. wat God se Woord getrou verkondig en ŉ Skrif getroue Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan die nageslag oorhandig.

Vanuit Stoker se werke blyk dit duidelik dat die oorhandiging van tradisies van die een geslag na die volgende geslag nie ŉ blote koop-en-verkooptransaksie is nie. Dit is die kontinuïteit van God se getrouheid deur geslagte wat in die doelbewuste aktiwiteit van verbondsonderrig voortgesit word. As ons stel dat ouers die verantwoordelikheid het om hul kinders op te voed of verbondsonderrig te bied, dus ŉ opvoeding te gee, dan is die voeding en opvoeding wat die ouers bied ŉ antwoord van die ouers aan God wat die roeping stel (Stoker, 1967:169). “Die voedbaarheid en opvoedbaarheid van ŉ suigeling (vraag) stel die ouers die taak van voeding en opvoeding (antwoord)” (Stoker, 1967:169). Ten diepste is verbondsonderrig die verheerliking van God. Aan die ouers is wel betrokke behorenseise geskenk, om byvoorbeeld kinders, wat ŉ geskenk van God is, op te voed (Stoker, 1967:192). Christenouers is dus deur middel van verbondsonderrig aanspreeklik vir die oordrag van tradisies aan hul kinders – die korrekte oordrag van ŉ tradisie wat God se verbondsgetrouheid in rekening hou.

## 4. Implikasies wat ’n reformatoriese perspektief vir die begrip “tradisie” binne Christelike onderwys inhou

ŉ Algemene gevoel onder talle Christelike skole is dat hulle nie hul leerders wêreldvreemd wil opvoed nie. Tog wil daar terselfdertyd klem gelê word die uniekheid van die Christelike skool. Die uitdrukking “in die wêreld maar nie van die wêreld nie” is gewoonlik ŉ gepaardgaande opmerking. Om hierdie balans tussen die oënskynlike teenstellings makliker te begryp, bied Stoker se insigte, soos bespreek in die voorafgaande afdeling, naamlik: “kontinuïteit”, “diskontinuïteit” en “verantwoordelikheid”; die verband tussen tradisie en progressie asook tradisie se verbintenis met God se verbondsgetrouheid, ŉ waardevolle bydrae.

Om die uniekheid van ŉ Christelike skool te beklemtoon, behoort die skool aan te toon in watter histories-Christelike tradisie hulle hulself bevind. Jelfs (2013:52) toon aan dat Christelike skole maklik hul eie identiteit verloor omdat hulle nie ŉ doelbewuste tradisie-oordrag in hul kurrikulum aanbieding ingesluit het nie. ŉ Christelike skool behoort daarom aan te toon watter elemente hulle van hul Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan die leerders wil oordra.

Hierdie onderrig van ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing moet duidelik in al die aspekte van die skool duidelik word. Dit beteken dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die kurrikulum as geheel sigbaar behoort te wees. Sonder ’n doelbewuste tradisie-oordrag in die kurrikulum is Christelike skole oorgelewer aan sekulêre kurrikulums.

Verder behoort die onderrig-en-leerelemente ook te getuig van ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en daarom behoort dit in te sluit dat daar ’n liefde en waardering vir die tradisie onderrig word. Indien die tradisies van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie oorgedra word nie, laat dit ruimte vir sekulêre onderrig-en-leerelemente wat gegrond is in postmoderne onderrig-en-leerteorieë om in teenstelling hiermee ’n nie-Christelike tradisie aan die leerders oor te dra.

Christelike skole wat graag die uniekheid van hul skool wil behou, behoort ook onderwysers aan te stel wat in die tradisie van die skool deel. Christelike skole kan nie van onderwysers verwag om met hart en siel ’n Christelike tradisie oor te dra waarin hulself nie glo nie. Dit is immers die onderwyser wat vir die leerders gaan leer wat die waarde van die tradisie is en ook hoe die tradisie in die toekoms verder uitgebou moet word. Goosen (2007:170) brei uit op tradisie as die onderrig in nabootsing, met ander woorde die gedagte van: Maak soos ek maak en nie maak soos ek sê nie.

Die onderwyser se oordrag van die tradisie behoort die onderrig van tradisiekritiek in te sluit. Die oordrag van ’n tradisie gaan gepaard met onderrig in die verantwoordelike aanvaarding van ’n tradisie (Graburn, 2000:10). Onderrig in tradisiekritiek sluit daarom die onderrig en vestiging van ’n stabiele basis van die spesifieke Christelike lewens- en wêreldbeskouing in, wat dan gebruik word om krities met ander tradisies se idees in gesprek te tree (Plantinga, 2000:73). Op hierdie wyse sal kinders waardering ontwikkel vir die eie tradisie waarin hulle staan, maar ook sodoende begin om leemtes en selfs sondes van hul eie tradisie raak te sien, wat in die toekoms verbeter of selfs verwerp moet word.

’n Christelike skool behoort ook hulle Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die vorm van tradisies en simboliek aan die breër gemeenskap en rolspelers van die skool duidelik te kommunikeer. Hierdie kommunikasie sluit alle vorme van bemarking of reklame in, asook die doen en late van die alledaagse skool bedrywighede wat die sosiale-media plasings, opedae, sport byeenkomste, oueraande, ens. insluit.

Verantwoordelike aanvaarding van ’n tradisie moet daarom sigbaar wees in al die aspekte van die skool. Dit sluit die kurrikulum, onderrig-en-leer

elemente, onderwysers se leer en lewe en die beeld na die eksterne gemeenskap in. Afgelei uit die werke van Stoker behoort hierdie tradisie oordrag ook uiteindelik rekening te hou met: (1) Die leerders se vermoë om die waarde van kontinuïteit en diskontinuïteit ten opsigte van die tradisie toe te pas; (2) die verband tussen tradisie en progressie te begryp en (3) die verbintenis van die tradisie aan God se verbondsgetrouheid te verstaan. Wanneer leerders hierdie vaardighede aanleer kan hulle begin om ŉ liefde en verantwoordelikheid vir hul eie Christelike lewens- en wêreldbeskouing en hulle Christelike skool te ontwikkel.

## 5. Gevolgtrekking

In die beantwoording van die navorsingsvraag is tradisie vanuit die reformatoriese perspektief verstaan as ŉ breër konsep, wat nie net tradisie tot ŉ oppervlakkige simboliese handeling sonder betekenis beperk nie. Die breër konsep sluit die gedagtes van kontinuïteit, diskontinuïteit en verantwoording, die verband tussen tradisie en progressie, asook die tradisie se verbintenis met God se verbondsgetrouheid in. Vanuit die werke van H.G. Stoker kan tradisie beskou word as die verantwoordelike oorhandiging van ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouing en die aanvaarding van die verantwoordelikheid van die tradisie wat daarmee gepaardgaan.

Die implikasies van die verdieping van die konsep "tradisie" vanuit ŉ reformatoriese perspektief sluit in dat Christelike skole duidelik in hul identiteitsdokumente, bekendstelling en bemarking van die skool aantoon uit watter histories-Christelike tradisie die skool ontwikkel het. Sodanige Christelike skole moet ook aandui watter elemente van hul Christelike lewens- en wêreldbeskouing binne die kurrikulum doelbewus oorgedra moet word. By Christelike skole is dit voorts ook belangrik dat die onderwyser in woord en daad moet ooreenstem met die tradisie wat die skool bevorder. Hierdie onderwysers moet ook toegerus wees om vanuit die tradisie krities met ander tradisies in gesprek te tree. Die onderrig van die tradisie moet dan ook gepaardgaan met onderrig in die verantwoordelike aanvaarding van ŉ tradisie.

Christelike skole wie se tradisies bloot tot oppervlakkige simboliek verskraal word, moet besin of hulle werklik as ŉ Christelike skool beskou kan word. Die simboliek van tradisies is nie iets wat vinnig rondom ŉ tafel saamgestel kan word, soos in die geval van die postmoderne bemarkingswese waar tradisies tot ŉ kommoditeit beperk word nie. Die simboliek van die tradisies moet as't ware vanuit die diepte van die tradisie voortspruit sodat die tradisie wat goed

verstaan word deur die simboliek na vore tree. Christelike skole wat hulself dus as tradisievaste skole bemark, behoort in alle aspekte van hul onderrig ’n geïntegreerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.

Die een wat die tradisie oorhandig asook die een wat die tradisie ontvang moet uit sodanige waardevolle oorhandiging voordeel trek. Op die een wat oorhandig, rus die deontiese plig, maar daarmee saam word die vervulling van getrouheid en diens aan God ook ontvang. Die een wat die tradisie ontvang, ontvang ook die voordele van historiese substans wat die tradisie bied, soos ’n reservoir van kennis waaruit geput kan word. Die ontvangs van die tradisie sluit ook in die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die kontinuïteit asook die diskontinuïteit van die tradisie – kontinuïteit in die voortgaan, ontwikkeling en uitbouing van die goeie en diskontinuïteit in die hervorming van die tradisie deur middel van tradisiekritiek. Dit word dus duidelik dat die oorhandiging en ontvangs van die tradisie meer behoort te wees as die oppervlakkig deelname aan simboliek. Die simboliek is eerder ’n logiese uitvloeisel van die totale oorhandigings en ontvangsproses. Die oorhandiging en ontvangs van die tradisie loop as eindproduk uit op die simboliese.

Die simboliese gebeurtenis sluit eerstens in die wedersydse erkenning van nakoming van plig vanaf die individu of groep wat die tradisie oorhandig het. Tweedens sluit die simboliese gebeurtenis ook die verantwoordelike aanvaarding van die voortgaan van die tradisie (in kontinuïteit en diskontinuïteit) van die individu of groep as ontvangers van die tradisie in. In die sin van erkenning van oorhandiging en ontvangs van die tradisie is die simboliese van groot belang en waarde. Die waarde van die tradisie en die doelbewuste oordrag en ontvangs van die tradisie verhoog die simboliese betekenis van die tradisie. Die eintlike waarde van simboliek in die tradisie lê opgesluit in die tradisie wat dit simboliseer en nie in die simbool self nie.

## 6. Slot

In hierdie studie is ’n tematiese analise van die begrip “tradisie” gedoen. Eerstens is ’n etimologiese en konseptuele literatuuroorsig van die begrip “tradisie” gebied. Daarna is ’n histories-filosofiese analise van die ontwikkeling van tradisie as konsep, vanuit die werke van H.G Stoker, gebied. Stoker bied veral ook ’n reformatoriese perspektief op hierdie begrip. Laastens is gekyk na die implikasies wat ’n Reformatoriese-Christelike perspektief op die begrip “tradisie” vir Christelike onderwys het. Vanuit die histories-filosofiese analise van die ontwikkeling van tradisie as konsep is aangetoon dat die

verlies aan tradisies tydens die Postmodernisme sy hoogtepunt bereik het. Dit het meegebring dat die skep van nuwe tradisies populêr geraak het. Hierdie nuwe tradisies wat geskep word, is egter oppervlakkig omdat die tradisies slegs die simboliek verteenwoordig, sonder werklike diepte in die deelname van die lewens- en wêreldbeskoulike betekenis van die tradisie self. Christelike skole behoort daarom hulle reedsbestaande tradisies krities te ondersoek in terme van kontinuïteits- sowel as diskontinuïteitsmomente, die verband tussen tradisie en progressie asook die tradisie se verbintenis aan God se verbondsgetrouheid. Deur dit te doen kan die Christelike skole verseker dat die bedoelde Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die skool se tradisies en simboliese handeling aan die volgende geslag oorgedra word.

## Bibliografie

ADORNO, T.W. 1992. On tradition. *Telos*, 1992(94):75-82.

BOSHOFF, C. 2014. *NP van Wyk Louw en die derde Afrikaner*. Pretoria: Gerard Moerdykhuis.

BRAIDOTTI, R. 2017. *The Posthuman.* Cambridge Polity Press

BRUCKERMANN, C. 2016. Trading on tradition: Tourism, ritual, and capitalism in a Chinese village. *Modern China*, 42(2):188-224.

BRYLA, P. 2015. The role of appeals to tradition in origin food marketing: A survey among Polish consumers. *Appetite*, 91:302-310.

CAMERON, C.M. 1987. The marketing of tradition: The value of culture in American life. *City & Society*, 1(2):162-174.

COHEN, A.P. 2013. *Symbolic construction of community*. London: Routledge.

COLLIER, C.D.A. 2003. Tradition, modernity, and postmodernity in symbolism of death. *The Sociological Quarterly*, 44(4):727-749.

CZERNIAWSKA, M., & SZYDŁO, J. 2022. Traditionalism, Modernism, Postmodernism-Worldview Analysis in the Context of Values. *WSEAS Transactions on Business and Economics*, 19(1):701-713.

DOCKERY, D.S. & GEORGE, T. 2012. *The great tradition of Christian thinking: A student's guide*. Wheaton: Crossway.

DOWNIE, R.S. 2005. Tradition. In Honderich, T., Ed. *The Oxford companion to philosophy*. Oxford: Oxford University Press. pp. 922.

FORST, R. 2013. *Toleration in Conflict, Past and Present.* Translated by Ciaran Cronin. Cambridge: Cambridge University Press.

FRIJHOFF, W. 2004. Patterns. In De Ridder-Symoens, H., Ed. *A history of the university: Universities in early modern Europe (1500-1800)*. Cambridge: Cambridge University Press.

GOHEEN, M.W. & BARTHOLOMEW, C.G. 2008. *Living at the crossroads: An introduction to Christian worldview*. Grand Rapids: Baker Academic.

GOOSEN, D.P. 2007. *Die nihilisme: Notas oor ons tyd*. Pretoria: Praag.

GOOSEN, D.P. 2015. *Oor gemeenskap en plek: Anderkant die onbehae*. Pretoria: FAK.

GRABURN, N.H. 2000. What is tradition? *Museum Anthropology*, 24(2-3):6-11.

JELFS, H. 2013. Religious character in Church of England schools: The relationship between a religious tradition and its educational institutions. *Journal of Research on Christian Education*, 22(1):52-74.

LANE, A.N.S. 2005. The role of tradition. In Vanhoozer, K.J., Bartholomew, C., Treier, D. & Wright, N.D., Eds. *Dictionary for theological interpretation of the Bible*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

MAREE, K. 2022. *First steps in research 3*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

MARSDEN, G.M. & LONGFIELD, B.J., Eds. 1992. *The secularization of the academy*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

NAUGLE, D.K. 2012. *Worldview: The history of a concept*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing.

NEWELL, T. 2019. Education: *A student's guide.* Wheaton: Crossway.

NISBET, R. 2023. *The quest for community: A study in the ethics of order and freedom.* New York: Simon and Schuster.

NOYES, D. 2009. Tradition: Three traditions. *Journal of Folklore Research*, 46(3):233-268.

OPITZ, P. 2011. Authority of Scripture in the Early Zurich Reformation (1522-1540). Journal of Reformed Theology, 5(3): 296-309.

PETERSON, K.D., & DEAL, T.E. 201). *How Leaders Influence the Culture of Schools*. Counterpoints, 466(1):163-166. Plantinga, A. 2000. *Warranted Christian belief*. Oxford: Oxford University Press.

PLANTINGA, A. 2000. *Warranted Christian Belief.* Oxford: Oxford University Press.

RYKEN, P.G. 2013. *Christian worldview: A Student's guide*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing.

SAILHAMER, J. 1995. *Introduction to Old Testament theology: A canonical approach*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

SHILS, E. 1981. *Tradition*. Chicago: University of Chicago Press.

STABILE, C. 1997. Postmodernism, feminism, and Marx: Notes from the abyss. In Wood, E.M. & Foster, J.B., Eds. *In defence of history: Marxism and the postmodern agenda*. New Delhi: Aakar Books.

STOKER, H.G. 1933. *Iets oor die redelikheid en rasionalisme*. Kaapstad: H.A.U.M. v/h Jacques Dusseau.

STOKER, H.G. 1937. *Vryheid: Drie Lesings; Waak-Series, no. 2: Die bond van Jongeliedeverkennings*.

STOKER, H.G. 1941. *Stryd om die ordes*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

STOKER, H.G. 1955. *Praktiese Calvinisme: Praatjies gelewer oor die Afrikaanse sender van die SAUK*. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.

STOKER, H.G. 1958. *2.1.4.6. Geskiedenis – 'n Wysgerige benadering: Versamelde werke*. Bloemfontein: VCHO.

STOKER, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting: Band 1*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

TAYLOR, C. 1992. *The ethics of authenticity*. Boston, MA: Harvard University Press.

VAN DER WALT, B.J. 2014. At the cradle of a Christian philosophy. Calvin, Vollenhoven, Stoker & Dooyeweerd. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN TIL, C. 2003. *Christian apologetics*. 2nd ed. Phillipsburg: P&R Publishing.

VOLCKMAR, N. 2017. The transformation of an invented tradition: The school banner as a symbol of education. *Scandinavian Journal of Educational Research*, 61(4):430-447.

Zakai, A. 2006. The age of enlightenment. In *The Cambridge companion to Jonathan Edwards*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 80-99.